16.7 RAPPORT 2: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR NEDERLAND (Artt 47, 161)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
C. Die voorsitter, dr DG Breed, verwelkom ds AH Reitsema van die Nederlandse Gereformeerde Kerken.

D. RAPPORT
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Di HS Coetzee (s), MA Modise.

1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)
Ekumeniese eenheid

Vir kennisname
1.1 *Opdrag*
1.1.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGK, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom;
1.1.2 Die Deputate moet, in die lig van hierdie Sinode se besluite oor die verhouding met Sinode Soutpansberg, met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed;
1.1.3 Daar moet gepoog word om konkrete gestalte te gee aan ekumeniese eenheid deur bv bydraes op mekaar se Sinodes;
1.1.4 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking, onder andere ten opsigte van sendingwerk soos bv in Botswana.

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.4 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*
1.2.1 Die Deputate het die bande met die CGK versterk deur die bywoning van hulle Sinodeweek waartydens hulle aan verhoudinge met buitelandse kerke aandag gee. Ons kon ‘n groeteboodskap van die GKSA tydens hulle Sinode oordra en ook in afsonderlike gemeentes voorgaan in eredienste.
1.2.2 Daar is weens druk van die owerhede, samesprekings aan die gang oor die moontlike vereniging van Teologiese universiteite in Nederland.
1.2.3 Die verhoudings met die Gereformeerde Kerke Nederland (Vrygemaakt) en die Nederlandse Gereformeerde Kerk geniet tans baie aandag. Op heelwat plekke vind daar goeie samewerking tussen die drie kerke in sogenaamde "samewerkende gemeentes" plaas.
1.2.4 Sinode Soutpansberg was ook op die Sinode teenwoordig. Die breuk in verhoudinge tussen die GKSA en Soutpansberg is vir die CGKN teer saak. Daar is ‘n brief van hulle Deputate aan die GKSA se Deputate, sowel as aan Soutpansberg gestuur. Die Deputate het hierop skriftelik gereageer om die redes vir die besluit van die GKSA te verduidelik. Die saak is tydens hulle Sinode bespreek en die feit van die breuk is aanvaar. Daar is steeds die begeerte by die CGKN dat die gesprek tussen GKSA en Soutpansberg hervat moet word. Die aanbeveling is van ons kant af gemaak dat die gesprek nou via die Deputate Ekumenisiteit Binnelandse Kerke moet plaasvind.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming
1.3 *Aanbevelings*
1.3.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGK, wat ‘n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom;

1.3.2 Die Deputate moet voortgaan om, in die lig van verwikkelinge in die verhouding met Sinode Soutpansberg, met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed;
1.3.3 Daar moet gepoog word om konkrete gestalte te gee aan ekumeniese eenheid deur bv bydraes op mekaar se sinodes;
1.3.4 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking, onder andere ten opsigte van sendingwerk.

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.4 goedgekeur.

2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

2.1.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die NedlGK, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom;
2.1.2 Wedersydse inligting ten opsigte van sendingwerk en opleiding op die sendingveld in Afrika en Suid-Afrika moet verkry word;
2.1.3 Die Deputate moet meehelp om die posisie van sendingkerke en -predikante van die NedlGK in Suid-Afrika op 'n gesonde kerkregtelike manier voort te sit.
2.1.4 Daar moet gepoog word om konkrete gestalte te gee aan ekumeniese eenheid deur bv bydraes op mekaar se Sinodes;
2.1.5 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking waar moontlik is.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.5 kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Die Deputate het die kontakte met die NedlGK versterk deur 'n gesprek met hulle Deputate tydens ons besoek aan die Sinode van die Christelik Gereformeerde kerke in 2013.
2.2.2 Die Deputaat kon ook die Landelike vergadering op 30 Maart te Zeewolle bywoon en die groete van die GKSA oordra. Daar is met dank kennis geneem van die sendingwerk wat die kerke steeds in Suid-Afrika doen en dit blyk dat daar tans goeie samewerking in die verband is.
2.2.3 'n Besoek aan dr Fritz Kruger en sy gesin kon gedoen word en dit blyk dat hulle goed in Nederland aangepas het en vrugbaar daar in die koninkryk van God werksaam is.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbevelings*

2.3.1 Ons met dank kennis neem van die eenheid wat tussen die GKSA en die NedlGK in leer, diens en tug bestaan;
2.3.2 Daar met dank kennis geneem word van die sendingbetrokkenheid van die NedlGK in Suid Afrika en dat die samewerking voortdurend uitgebou moet word;
2.3.3 Dat met dank kennis geneem word van die pogings van die NedlGK en ander kerke in Nederland om ook struktureel een te word;

Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.3 goedgekeur.

3. Gereformeerde Kerken vrijgemaakt (GKv)

Ekumeniese eenheid

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die GK(v), wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom;
3.1.2 Daar moet gepoog word om konkrete gestalte te gee aan ekumeniese eenheid deur bv bydraes op mekaar se Sinodes;

3.1.3 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking waar moontlik is.

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.3 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

3.2.1 Bande met die GKv is versterk deur gesprekke met hulle Deputate tydens ons Deputate se besoek in 2013 aan die Sinode van die Christelik Gereformeerde kerke en deur die bywoning van hulle Sinode op 29 Maart 2014 te Ede.

3.2.2 Die deelname aan hulle Buitelandse week waar buitelandse gaste vanoor die hele wêreld deur hulle ontvang word en gesprekke oor hulle Sinode-agenda asook aktuele kwessies in Nederland plaasvind, is van groot waarde. Onderlinge verhoudings met Deputate van ander kerke word gedurende die tyd versterk.

3.2.3 Die Deputaat het voorgegaan in ‘n erediens in die Titus-Kapel – ‘n voorstedelike gemeente van Amsterdam.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Dat ons met dank kennis neem van die eenheid wat tussen die GKSA en die GKv in leer, diens en tug bestaan (formeel sedert 2006);

3.3.2 Daar met dank kennis geneem word van die erns wat die GKv maak om in ‘n veranderde en veranderende samelewing kerk te wees. Dat ons bande met hulle juis inhou dat ons mekaar se hande vat in saamdink oor hoe ons die Woord van die Here moet verstaan binne die plek en tyd waar die Here ons roep om kerk te wees;

3.3.3 Daar deur die bywoning van die Buitelandse week heelwat kontak met die kerke en met Deputate van ander kerke gemaak is. Die geleentheid moet sover moontlik in die toekoms benut word**.**

Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.3 goedgekeur.

4. Protestantse Kerk in Nederland (PKN)

Ekumeniese kontak

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

Daar op die vlak van ekumeniese kontak met die PKN kontak gehou word.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Daar is nie in die afgelope termyn formele kontak met die PKN gemaak nie.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbevelings*

Daar, in die lig van die samestelling van die PKN en die feit dat hulle kerklike bande nie rondom konfessionele sake gesluit word nie, nie nadere ekumeniese kontak met die PKN gesoek word nie. Ekumeniese kontak word wel behou en samewerking kan steeds plaasvind waar dit na vore kom.

Besluit: Goedgekeur.